

## Openbaring

### Hoofstuk 17

● **Opn. 17:1** En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, **Opn. 17:2** met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.

→ Een van die engele wat een van die skale vashou nooi Johannes uit om te kyk na een van die oordele.

→ Hierdie vrou stel die godsdienstige sisteem van Babilon voor. Daar gaan in die groot verdrukking een wêreld kerk wees. Dat 'n vrou 'n kerk voorstel is nie vreemd nie:

a) In Opn. 19 word die kerk van Jesus voorgestel as 'n vrou, 'n reine maagd.

b) In Opn. 17 word die kerk van die antichris voorgestel as 'n hoer vrou.

→ Die waters waarop sy sit stel die hele aarde voor, baie mense gaan deel wees van hierdie wêreld kerk. **OPN. 17:15 EN HY SÊ VIR MY: DIE WATERS WAT JY GESIEN HET, WAAR DIE HOER OP SIT, IS VOLKE EN MENIGTES EN NASIES EN TALE.**

→ Die konings van die aarde het gedeel in die wêreldgodsdienste: **OPN. 14:8 EN 'N ANDER ENGEL HET GEVOLG EN GESÊ: GEVAL, GEVAL HET BABILON, DIE GROOT STAD, OMDAT SY AL DIE NASIES LAAT DRINK HET VAN DIE WYN VAN DIE GRIMMIGHEID VAN HAAR HOERERY.**

● **Opn. 17:3** En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. **Opn. 17:4** En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; **Opn. 17:5** en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: **Verborgenskap, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.**

→ Hierdie dier waarop sy sit, is 'n verwysing na die antichris en sy regering. **OPN. 13:1 EN EK HET 'N DIER UIT DIE SEE SIEN OPKOM MET SEWE KOPPE EN TIEN HORINGS, EN OP SY HORINGS TIEN KRONE EN OP SY KOPPE 'N NAAM VAN GODSLASTERING.**

→ Die tien horings verwys na tien konings wat in die antichris regering gaan dien. **OPN. 17:12 EN DIE TIEN HORINGS WAT JY GESIEN HET, IS TIEN KONINGS WAT NOG GEEN KONINGSKAP ONTVANG HET NIE, MAAR HULLE ONTVANG MAG SOOS KONINGS EEN UUR LANK SAAM MET DIE DIER.**

→ Die sewe koppe verwys na sewe prominente konings. Sewe koninkryke wat Israel wreed vervolg het en nog gaan.

→ "En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels". Dit is kleure wat aandag trek en mense verlei. **SPR. 7:10 EN KYK, DAAR KOM 'N VROU HOM TEGEMOET, SOOS 'N HOER AANGETREK EN LISTIG VAN HART.** Maar ook spreek dit van rykdom: **OPN. 18:16 WEE, WEE DIE GROOT STAD WAT BEKLEED WAS MET FYN LINNE EN PURPER EN SKARLAKEN EN VERSIERD MET GOUD EN EDELGESTEENTE EN PÊRELS, OMDAT IN EEN UUR SOVEEL RYKDOM VERWOES IS! HOE GAAN SY MENSE VERLEI EN HOE GAAN SY SO RYK WORD, NATUURLIK DEUR 'N VALSE GODSDIENS.** Sy gaan mense verlei en ook van hul geld uitbuit. Mense gaan al meer sonde doen en daar gaan vir hul vertel word dat dit nie sleg is nie.

→ Dit was die gebruik vir hoere om hul name op hulle voorhoofde te laat skrywe: **JER. 3:3 EN DIE REËNBUIE IS INGEHOU, EN DAAR WAS GEEN LAAT REËNS NIE. MAAR JY HET 'N HOEREVOORHOOF GEHAD, JY HET GEWEIER OM JOU TE SKAAM.**

● **Opn. 17:6 En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.**

→ Hierdie valse godsdiens het gemaak dat baie onskuldige bloed gevloei het. Deur die eeue heen is talle kinders van God a.g.v valse godsdiens doodgemaak en so ook die martelare in die groot verdrukking.

● **Opn. 17:7 Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra. Opn. 17:8 Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.**

→ Die bonatuurlike oorlewing en “opstanding” van die antichris sal die hele wêreld beïndruk en nog meer mislei. **OPN. 13:3 EN EK HET EEN VAN SY KOPPE GESIEN NET OF DIT DODELIK GEWOND WAS, EN SY DODELIKE WOND IS GENEES. EN DIE HELE WÊRELD HET VERWONDERD AGTER DIE DIER AAN GEGAAN.**

→ Dit kan ook hier verwys na die herstelde romeinse ryk.

● **Opn. 17:9 Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. Opn. 17:10 En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy ‘n kort tydjie bly. Opn. 17:11 En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf.**

→ Die sewe koppe verwys na sewe prominente konings. Sewe koninkryke wat Israel wreed vervolg het en nog gaan. Sewe konings het reeds in die verlede Christene wreed vervolg, maar die agtste sal die antichris self wees.

- a) Die antieke Babilonies ryk wat deur Nimrod gestig is
- b) Die Assiriese ryk (hulle het die 10 stamme weggevoer)
- c) Die Babilonies ryk (hulle het die 2 stamme weggevoer).
- d) Die mede-Persiese ryk.
- e) Die Griekse ryk.
- f) Die Romeinse ryk.
- g) Die herstelde Romeinse ryk van die antichris in die eindtyd.

● **Opn. 17:12 En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Opn. 17:13 Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Opn. 17:14 Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

→ Hierdie tien konings gaan in dieselfde tyd regoor die wêreld regeer in die antichris regering. Hulle koningskap sal net vir ‘n kort tydjie wees.

→ Dan gaan al tien hierdie konings saam optrek met hulle weermagte om teen Jesus oorlog te voer, maar hulle sal met Jesus se koms, gedurende die slag van Armageddon verslaan word. Interessant dat hulle konings is, hulle gaan verslaan word deur die Koning van alle konings: **OPN. 19:16 EN HY DRA OP SY KLEED EN OP SY HEUP DIE NAAM WAT GESKRYWE IS: DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HERE.**

● **Opn. 17:15 En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.**

→ Net soos in vers 1 stel dit die een wêreld kerk voor. In hierdie kerk sal elke geloof, elke nasie, elke volk, elke taal welkom wees.

● **Opn. 17:16 En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. Opn. 17:17 Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is. Opn. 17:18 En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.**

→ Die antichris met sy 10 konings sal aanvanklik 'n valse wêreldgodsdienst gebruik om mense te mislei. In hierdie 'kerk' sal daar dus ook mense van ander gelowe wees, Hindu's, moslems en selfs Christene, so die dier sal wel nie gelukkig wees daarmee nie, en later teen die sisteem draai.

→ Die oomblik as die antichris en sy konings teen die 'kerk' draai, sal dit alles deel wees van God se plan. **GÉN. 50:19-20 MAAR JOSEF HET HULLE GEANTWOORD: MOENIE BEVREES WEES NIE; WANT IS EK IN DIE PLEK VAN GOD? WANT JÛLLE HET WEL KWAAD TEEN MY BEDINK, MAAR GOD HET DIT TEN GOEDE GEDINK OM TE DOEN SOOS DIT VANDAG IS, OM 'N GROOT VOLK IN DIE LEWE TE HOU.**

### **DIE ONTSTAAN VAN BABILON**

'n Honderd jaar na die sondvloed het Noag se nageslag (wat toe die enigste mense op aarde was) saam gaan woon in die stad Sinear (Irak). Daar het hulle die stad Babel gebou. Hulle leier destyds, Nimrod (Rebel), was 'n jagter, 'n geweldenaar, 'n opstandige soort mens. Hy wou gehad het al sy mense moet in die stad bly en het later 'n toring opgerig. In Babel is daar natuurlik 'n massiewe toring gebou (Gen 11:4). Heel bo op die toring was daar 'n tempel waarin 'n standbeeld van die Babiloniese afgod was. Die naam Babilon beteken "Poort na die gode". Hierdie toring was die simbool en middelpunt waarom die hele Babiloniese godsdienst gedraai het. Dit was satanisme en okkultisme net in 'n ander gewaad.